# Boekresensie

## CONSUMER BEHAVIOUR

*A SOUTH AFRICAN PERSPECTIVE*
P.J. Du Plessis, G.G. Rousseau & N.H. Blem
Halfway House: Southern, 1990
319 bladsye
R71,45 (BTW ingesluit)

Met hierdie boek is 'n wesenlike behoefte aan 'n perspektief op die verbruiker binne die unieke Suid-Afrikaanse konteks aangespreek. Voorheen was akademiese instellings vir 'n inleidende teks tot verbruikergedrag uitsluitlik op Amerikaanse publikasies aangewese. Hoewel hoogs leesbaar en visueel aantreklik, spreek verskeie hoofstukke van die Amerikaanse boeke nie die Suid-Afrikaanse situasie aan nie.

In hoofstuk 1 word 'n uiteensetting van die ontwikkeling van verbruikergedrag as dissipline – soos in die VSA – gegee. 'n Kort inleidende oorsig van die ontwikkeling van die veld hier te lande en die prominensie wat verbruikergedrag binne die Suid-Afrikaanse bedryfsielkunde en bemarking geniet, kan gerus vir die opvolgpublikasie oorweeg word. Hoofstuk 2 hou die bekendste verbruikergedragmodelle uit die Amerikaanse literatuur voor. Dit word aanvaar dat hierdie modelle ter wille van volledigheid opgeneem is. Daarbenewens kan dit wetenskaplike geloofwaardigheid aan die studieveld verleen. Die kompleksiteit van hierdie modelle kan egter tot gevolg hê dat verbruikergedrag as studieveld vir die student gesluit eerder as ontsluit word. Dit sou meer verbruikervriendelik wees om hierdie modelle (as bylae?) agter in op te neem.

Hoofstuk 3, kan as 'n hoogtepunt van die publikasie beskou word. 'n Verbruikerbesluitnemingsbenadering tot die verklaring van verbruikergedrag word voorgehou. Die teoretiese model word op 'n vernuftige wyse ingespan om aan te dui hoe oorspronklike teorie kreatief vir die praktyk aangewend kan word. Die model vereng nie verbruikergedrag tot die verbruikersielkunde nie, maar verleen 'n multidissiplinêre karakter daaraan en dien boonop as raamwerk vir die opvolgende dele van die boek.

Die tweede deel van die boek hou die intra-individuele faktore wat verbruikerbesluitneming beïnvloed, voor. Hierdie deel stem grootliks met die Amerikaanse literatuur ooreen. Die onderskeie skrywers slaag nietemin oortuigend daarin om die inhoud vir die Suid-Afrikaanse situasie relevant te maak (vergelyk byvoorbeeld die gedeelte oor psigografieke).

Die derde deel hou die faktore uit die eksterne omgewing wat die verbruikerbesluitnemingsproses beïnvloed, voor. Dit is veral die hoofstuk wat die fokus op die Suid-Afrikaanse verbruiker plaas wat twyfel oor die bestaansreg van die boek finaal uit die weg ruim. Die oorsig van die onderskeie verbruikerprofiele wys enersyds op die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse verbruikermark en andersyds op die gesofistikeerde greep wat verbruikernavorsers op hierdie mark het. Benewens verwysingsgroepe en gesinsbesluitneming word met reg aandag aan die invloed van die ekonomiese omgewing op verbruik gegee – 'n onderwerp wat nie in baie van die pupulêre Amerikaanse verbruikergedragboeke voorkom nie.

Die vierde en laaste deel het hoofsaaklik met toepassing te doen. Hier kom die leser sterk onder die indruk van hoe sentraal verbruikergedrag tot bemarking staan. Sielkundiges wat by verbruikernavorsing betrokke wil raak sal die tersaaklike hoofstuk nuttig vind. Die basiese kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe tegnieke word hier kortliks bespreek.

Getrou aan die eise van die tyd word die boek met 'n blik op verbruikerisme en die bemarker se sosiale verantwoordelikheid afgesluit.

Langs die Amerikaanse verbruikergedragboeke, wat deurgaans in vier kleure gedruk is, lyk hierdie publikasie ietwat oninteressant. Daar word aanvaar dat die plaaslike oplaag relatief klein is en dat kunswerk die eenheidskoste sou opjaag. Nietemin, selfs swart-en-wit reklamemateriaal in 'n opvolgpublikasie sal die trefkrag van die boek verhoog.

Hierdie eerste poging om verbruikergedrag binne die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied, verdien ondersteuning. Die boek kan met vrug by akademiese instellings aangewend word, maar omdat die teorie nie onprakties is nie sal ook praktisyns by die inhoud baat vind.

Freddie Crous

Program in Bedryfsielkunde

Departement Menslike Hulpbronbestuur

Randse Afrikaanse Universiteit